

Preek Jan Steyn 19 November 2017

Teks: Johannes 20:19-31

Tema: Ons is gestuur (Missio Dei)

Inleiding:

Ons het nou die afgelope paar jaar die vyf temas van die reformasie hanteer

Sola Fidei (net geloof)

Sola Gratia (net genade)

Solus Christus (net Christus)

Sola Scriptura (net die Woord)

Soli Deo Gloria (aan God alleen die eer)

Daar het die laaste paar dekades, veral na die aanleiding van verskillende byeemkomste van wereld sendingorganisasies 'n sesde sola bygekom. Die sola wat bygekom het is Sola Missio Dei (Net die sending van God) Die sending van God? Dit klink nie reg nie- is dit nie die kerk of sendingorganisasies wat sending doen en behoort te doen nie? Hoekom dan die term Missio Dei of sending van God?

Kom en verduidelik dit so: Die God van die Bybel was nog altyd 'n sendende God (a sending God). Die Here stuur vir Samuel om vir Dawid as koning oor Israel te gaan salf. Die Here stuur vir Jona na Nineve toe om Sy oordeel oor die stad aan te kondig. Jesus self haal die woorde van die profeet Jesaja in Lukas 4 aan as Hy verduidelik waarvoor Hy na die wêreld toe gekom het: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het my gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig." Sending begin dus nie by die kerk nie, maar by die God! God se hart is 'n sendinghart.

God stuur SY Seun om ons te kom red. Hy is die eerste gestuurde. Die Vader en die Seun stuur ook die Heilige Gees om ons deel van God se plan vir die wêreld te maak en om ons die krag te gee om as kinders van die Here en as kerk tot Sy eer te leef. So word elke gelowige en die hele gemeente deel van God se sending na die wereld. Dit beteken God het alle mense lief en wil hulle red, ook hulle wat

vir ons die mees onaanvaarbaar en ver van God af lyk. En dit moet die hart van God se kerk en kinders ook wees. Sy liefde vir alle mense- ook hulle wat nie soos ons lyk of ruik nie. Dus:

Daar is 'n **Missio Dei gemeente** in Los Angeles. **Hulle visie** omvat alles mooi saam wat ek nou net probeer sê het:

"God is the first and great Missionary. The story of the Christian faith is the Story of a God who is on a mission to reconcile and redeem a world that He created and declared good and very good, but which, though filled with much beauty and goodness, is also now marred by brokenness, suffering and sin. That mission began millenia ago, climaxed in the sending of His Son Jesus Christ, and continues now in and through the church. We're the product of God's mission, a broken and imperfect people who have been showered with grace. In turn, we are instruments of God's mission, a renewed people who are sent into the world to give our lives in the humble service of others."

As Jesus ons stuur soos die Vader Hom gestuur het, hoe lyk die gemeente of kerk dan wat gestuur is. Hoe dink hulle oor hulself en hoe dink hulle oor die wêreld rondom ons?

Kenmerke van 'n gestuurde gemeente:

Ons is nie eerstens hier ter wille van die opbou en ondersteuning en bevrediging van ons eie lidmate en hul behoeftes nie. Ons is hier ter wille van die redding en genesing van die wêreld om ons. Om bloot vir ons eie lidmate en geboue en geriewe en geldsake om te gee noem jy instandhouding. By gestuurdheid is die fokus veel wyer as net onself. Ons teks beklemtoon dit- een van sterkste funksies van die kerk is om aan mense te verkondig dat hulle sonde vergewe is en dat hulle in hierdie herstelde verhouding met God, hulself en ander mense kan leef. Ons het nie die mag om mense hul sonde te vergewe soos God kan nie, maar ons het die mag om hulle nie te vertel van God se liefde en vergifnis nie. In instandhoudingsgemeentes moet mense na ons toe kom en as hulle nie soos ons is en dink nie, moet hulle verander en soos ons raak voordat ons hulle kan aanvaar. Die gestuurde gemeente wil mense wat nie soos ons is nie ontmoet waar hulle is en hulleself oopstel teenoor sulke mense.

'n Gestuurde gemeente het nie lidmate nie, net dissipels of sendelinge. So 'n gemeente se klem is nie meer die sending of getuieniskommissie as hierdie werk wat 'n paar mense doen nie. Die hele gemeente, ons elkeen en ons almal saam, word gestuur om die goeie nuus van God se koninkryk te gaan leef oral waar ons is of kom. Dit gaan dus oor baie meer as ons uur byeenkoms Sondag. Dit gaan oor dissipelwees elke dag.

'n Gestuurde gemeente verteenwoordig Jesus as diensknegte in ons gemeenskappe. Ons soek almal 'n sterk gemeente. Dis nie een waar die banke elke Sondag vol sit en die geldsake is die beste wat die ooit was nie. Dis nie die gemeente of kerk wat magtig is in die samelewing en almal luister en spring as ons praat nie. Die gestuurde gemeente is 'n gemeente wat deur praktiese dienswerk en deur verhoudinge te bou uitreik na al die gemeenskappe in ons dorp.'n Waarlik sterk gemeente is 'n dienende gemeente.

'n Gestuurde gemeente verstaan nie homself as hierdie plek waarheen mense moet kom of gebring moet word nie. Ons is die kerk wat elke dag in verhoudings staan en skouers skuur met mense buite die mure van die kerkgebou. **Die kerk wat tussen mense en saam met mense wil leef en werk,** speel en kuier, vertel die Goeie Nuus van God op 'n ander manier.

Gestuurde gemeentes weet hoe ons saam met mekaar as gemeente leef en werk of dit nie doen nie, het hierdie invloed op ons getuienis na en aan die wêreld. As ons nie eens met mekaar die pad kan stap nie, hoe sal enigiemand glo ons sal die pad met hulle wil stap?

Gestuurde gemeentes weet ons kan net ons gestuurdheid uitleef in die krag van God se Gees. Die Gees word gestuur om God se kerk krag te gee vir hul opdrag en mense buite God se koninkryk se harte te verlig. Die krag van God se Gees breek gemeentes en Sy kinders ook gedurigdeur uit ons gemaksones uit sodat ons altyd grense na ander sal oorsteek ter wille van die evangelie.

Slot:

Ek lees hierdie week iets wat my bybly: Gestuurdheid is nie een of ander strategie teenoor ander strategieë nie. Ons het mos nou al in die verlede gehoor van die herder-kudde model waar die dominee en sy werk sentraal gestaan het. Ons het gehoor van die gemeentebou-model waar die hele gemeente opgebou moet word om mekaar te dien en hul roeping te ontdek. Gestuurdheid of om as gestuurde gemeente van die Here te leef is nie die nuwe strategie wat die ander kom vervang nie.

Gestuurdheid is eenvoudig geleefde liefde.

Ek sluit af met hierdie aanhaling wat ek van iewers onthou: "If we have a missionary God, then we as His people are a sent people." Ons is gestuurde mense. Met dieselfde opdrag as die Seun- om vry te spreek en te vergewe en mense na God en Sy koninkryk te nooi. Ons word ook gelukkig gestuur met dieselfde toerusting wat die Seun in volle mate gehad het- die Gees van God. Die Vader, Seun en Heilige Gees wil geleefde liefde by die stukkende wêreld uitbring. Ons is God se instrumente daarvoor. Amen